

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAIN SA	DATUM 2016/09/30		DATUM 2016/09/29		+ - WEEK GELEDE 2016/09/19		+ - MAAND GELEDE 2016/08/29		+ - JAAR GELEDE 2015/09/28					
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data				
DJIA-index	18143	-193.79	↓	-1.1%	18337	↑	0.1%	18124	↓	-1.4%	18395	↑	13.4%	16002
Goud (Spot)	1322.61	-2.23	↓	-0.2%	1324.84	↑	0.6%	1315.11	↑	0.4%	1317.48	↑	17.0%	1130.85
Brent \$/vat	49.48	0.46	↑	0.9%	49.02	↑	6.3%	46.54	↑	0.3%	49.34	↑	4.5%	47.35
1 € / US\$	1.1218	0.000	↑	0.0%	1.1214	↑	0.5%	1.1167	↑	0.1%	1.1202	↓	-0.4%	1.1263
1 US\$ / ZAR	13.88	0.150	↑	1.1%	13.73	↓	-1.8%	14.13	↓	-3.0%	14.31	↓	-1.7%	14.12
Corn	R 1,797.74	3	↑	0.2%	R 1,794.53	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec Sept 12:00 the previous day								
Wheat	R 2,034.91	-8	↓	-0.4%	R 2,043.19	*CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day								
Soybeans	R 4,845.03	37	↑	0.8%	R 4,807.80	*CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day								
Corn Dec 16	329.00	-3.00	↓	-0.9%	332.00	↓	-2%	337.00	↑	4%	316.00	↓	-20%	408.75
Wheat Dec 16	399.00	-6.00	↓	-1.5%	405.00	↓	-1%	403.00	↑	4%	383.00	↓	-26%	541.75
Soybeans Nov 16	950.00	-3.00	↓	-0.3%	953.00	↓	-2%	966.00	↓	-4%	990.00	↑	7%	884.00
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)														
SORGHUM Jul '17	3381.00	0.00	↑	0.0%	3381.00	↓	-0.6%	3400.00	↓	-1.6%	3435.00			NA
WMAZ Spot	3586.00	52.00	↑	1.5%	3534.00	↓	-7.1%	3859.00	↓	-15.5%	4244.00	↑	11.9%	3205
WMAZ Dec 16	3635.00	50.00	↑	1.4%	3585.00	↓	-7.2%	3916.00	↓	-14.5%	4252.00	↑	12.1%	3244
YMAZ Spot	3024.00	50.00	↑	1.7%	2974.00	↓	-3.8%	3142.00	↓	-4.5%	3165.00	↑	2.5%	2949
YMAZ Dec 16	3068.00	44.00	↑	1.5%	3024.00	↓	-4.0%	3196.00	↓	-4.5%	3212.00	↑	3.2%	2973
SOY Spot	6143.00	33.00	↑	0.5%	6110.00	↓	-3.7%	6380.00	↓	-5.1%	6470.00	↑	14.2%	5378
SOY Dec 16	6167.00	142.00	↑	2.4%	6025.00	↓	-3.7%	6401.00	↓	-5.1%	6499.00	↑	11.4%	5538
SUN Spot	6290.00	165.00	↑	2.7%	6125.00	↓	0.9%	6236.00	↑	1.0%	6230.00	↑	10.4%	5700
SUN Dec 16	6439.00	149.00	↑	2.4%	6290.00	↑	0.3%	6421.00	↑	1.1%	6369.00	↑	3.0%	6251
WHEAT Spot	4202.00	22.00	↑	0.5%	4180.00	↑	4.0%	4040.00	↓	-2.4%	4305.00	↓	-1.7%	4274
WHEAT Dec 16	4142.00	-8.00	↓	-0.2%	4150.00	↑	3.5%	4001.00	↓	-0.8%	4175.00	↓	-1.0%	4184

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Mark: Die rand verhandel rondom R13.88/\$ vanoggend wat swakker is as die R13.73/\$ van gister-middag 12:00. Die rand het stoom verloor na die aankondiging van die "Standard & Poor" (S&P) graderings agentskap dat SA steeds 'n moontlike afgradering na rommelstatus later vanjaar in die gesig staar indien die politieke en ekonomiese onsekerhede nie verbeter nie. Die swakker rand tesame met die hoër Brent Ru olieprys het die plaaslike finansiële markte ondersteun en die JSE se alle aandele het die dag hoër gesluit. Die Brent ru olieprys het ondersteuning gevind met die OPEC lande wat aangekondig het dat hulle die produksie sal verminder om die mark te stabiliseer. Die rand is steeds volatiel en verskeie faktore dra by tot die volatiele rand. Op hierdie stadium is die fokus van die rand meer plaaslik gedrewe met die ekonomiese en politieke onsekerhede wat voortduur. Die rand bly steeds 'n belangrike faktor in die plaaslike kommoditeitspryse.

Mielies: Die VSA mieliepryse het die dag sterker begin, maar kon nie aanhou nie en die mark het feitlik onveranderd gesluit. Die mark het relatief stadig verhandel voor die aankondiging van die USDA se graan voorraadsyfers later vandag. Die mark bly ook steeds onder druk met die stropery wat voortduur in die VSA en voorspellings van droeër weer die komende week sal gunstig wees vir die stroopproses. Die weeklikse uitvoerverkope was teleurstellend en was swakker as die verwagtinge ten spyte van die groter uitvoere van Woensdag wat aangeteken is na Mexico toe. Die regeringsverslag wat Woensdag bekend gemaak is, waarin hoër etanol voorrade aangetoon is, het druk op die etanol termynpryse geplaas. Die etanol termynpryse het vir die tweede agtereenvolgende dag laer gesluit tensypte van die hoër Brent ru olie prys. Die kwartaalike graan voorraadvlakke verslag wat later vandag deur die USDA vrygestel word, sal belangrike inligting bevat wat kritiek sal wees in die mark. Die weervoorspelling en reën sal 'n belangrike faktor in die internasionale pryse wees met die stroopproses in die VSA. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister ondersteuning gevind en die dag hoër gesluit vir beide wit- en geelmielies na verliese in die pryse gesien was vroeër die week. Die mark is steeds volatiel en groot prysbewegings word gesien wat 'n aanduiding is van die risiko en onsekerheid in die mark tans. Die wisselkoers speel ook steeds 'n groot rol in die plaaslike prys. Ander fundamentele inligting is die hoër oesskatting syfer met die plaaslike produksies wat op die ou end van die seisoen beter gelyk het as verwagtinge. Die mark sal begin om meer sensitief te raak vir weer en reën en veral in die verder maand kontrakte van die nuwe seisoen.

Sojabone: Die VSA sojabone het die dag gister hoër afgesluit met die sterker uitvoersyfers wat ondersteuning gebied het. Die ondersteuning was egter beperk deur die stroep proses wat aan die gang is en oesdruk op die prys plaas. Die weeklikse uitvoersyfers het amper verdubbel vanaf verlede week en het die vooruitsigte oorskry. Die OPEC lande se besluit om olie produksie te verminder het die oliepryse ondersteun en die hoër oliepryse het die sojaboonpryse en soja oliepryse ondersteun as gevolg van die bio-diesel verwantskap tussen die twee. Die November kontrak het naby aan die vorige dag se prys gesluit en kon nie deur die 20 dag bewegende gemiddeld se weerstandsvlakke breek nie. Die droeër weer wat tans in die VSA voorspel word, is gunstig vir die stroopproses. Die graanvoorraad vlakke verslag wat later vandag deur die USDA se vrygestel word sal belangrike inligting wees. Die verwagtinge is dat die voorraadvlakke hoër gaan wees as verlede jaar. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het ondersteuning gevind gister en die dag hoër afgesluit. Meeste van die kommoditeite het gister sterker verhandel en het ondersteuning gevind by positiewe partiete en swakker wisselkoers.

Koring: Die VSA koringmark het gister gemeng verhandel met die winterkoring (Beide Sagte en Harde Rooi) wat laer gesluit het, terwyl die lengte koring die dag hoër afgesluit het. Die verhandelings in die koringmarkte vind steeds stadig plaas. Die weeklikse uitvoer verkope was beter as die verwagtinge, maar die prys het steeds naby aan die vlakke van die vorige twee maande verhandel met die groot verwagte globale voorrade wat druk op die internasionale prys hou. Die verwagtinge is steeds dat die VSA uitvoere hoër behoort te wees as gevolg van die probleme in die Australiese en Europese koring oeste. Die stropery in Brazil vorder goed, terwyl daar steeds oormaat reën in Australië val. Die reën in Australië is nadelig vir die koring produksie teen hierdie tyd van die seisoen net voor die stroopproses begin. Daar is bekommernisse dat die reën die grotte en die kwaliteit van die Australiese oes negatief kan beïnvloed. Reën in die Swart See streek is voordelig vir die koring produksie. Die verwagtinge is dat die voorraadvlakke in die USDA se verslag van later vandag hoër sal wees as verlede jaar. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister relatief sywaarts en effe laer verhandel. Die laer prys kan tot 'n mate toegeskryf word aan winsneming na die mark sterker verhandel het die laaste paar sessies. Die plaaslike produksie kondisies lyk goed in die verskeie koring produserende streke. Gunstige weer en Reën op kritieke tye het, was voordelig vir die koringproduksies.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za

Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur: Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za